## Spreuke 1:10

"My seun, as sondaars jou wil verlei, moenie instem nie."

## Spreuke 3:1-2

"My seun, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie, en laat jou hart my gebooie bewaar, want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker vol vrede."

## Spreuke 3:11-12

"My seun, aanvaar die straf wat van die Here kom en moet jou nie teen sy teregwysing verset nie, want die een vir wie die Here liefhet, wys Hy tereg, soos 'n vader die seun vir wie hy liefhet."

## Spreuke 3:5-6

"Vertrou op die Here met jou hele hart en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou paaie reguit maak."

## Spreuke 3:34

"Met spotters spot Hy self, maar aan magteloses skenk Hy genade."

## Spreuke 10:1

"'n Wyse seun verheug sy vader, maar 'n dwase seun doen sy Moeder verdriet aan."

## Spreuke 12:15

"Die pad van 'n sot is reg in sy eie oë, maar 'n wyse luister na raad."

Spreuke 15:1

"'n Sagte antwoord keer woede weg, maar 'n krenkende woord laat woede opvlam."

Spreuke15:32

"Wie onderrig in die wind slaan, gee nie om vir sy eie lewe nie, maar wie na teregwysing luister, verkry verstand."

Spreuke 16:18

"Op hoogmoed volg ondergang, op selfverheffing volg die val."

Spreuke 25:18

"'n Hamer en 'n swaard en

'n skerp pyl, so is 'n man wat vals getuig teen sy naaste."

**Spreuke 29:25**

"As jy vir mense bang is, kan jy in 'n strik beland, maar as jy jou vertroue in die Here stel, is jy veilig."